

Saterdag 31 Oktober 1998

Die een oomblik slaan ek nog so lekker my twee middelvingers neer op die sleutelbord, en die volgende oomblik kom daar 'n dialoogvenster op met een of ander waarskuwing oor 'n fout! In my paniek druk ek die verkeerde knoppie, en toe's die teks weg! Ek toe laat val ek my sigaret in 'n vars koppie koffie ...

Die verlore teks het min of meer neergekom op die volgende: Hier in Johannesburg gaan dit op die oomblik kloustrofobies, om die minste te sê. Maar net toe ek dog hierdie is realiteit vir die volgende 38 jaar minus 'n paar maande, hoor ek van 'n pël in Taiwan wat sê sy lewe is orraait op daai stukkie land tussen China en Japan. Hy reken as ek dit tot daar kan maak en kan bly vir 'n maand of so, hy dalk vir my 'n job kan organiseer. Hy't selfs aangebied om vir my 'n paar duisend te leen vir 'n vliegtuigkaartjie. Johannesburg is tog eintlik 'n heel orraait plek. My probleem is dat ek nie wiele het nie, en 'n mens kan net so ver stap en nog ordentlik lyk as jy by 'n plek aankom.

Ek wens ek kon een of ander tyd by my ouer suster in Londen 'n draai gaan maak. Ons sal lekker pret hê. Ek kan soos van ouds op haar sitkamervloer slaap, en sy kan my saamvat werk toe in die aande. Ons kan op pad Kentucky hoender kry, en dan kan ek vir haar gedigte skryf wat sy in haar snippermandjie kan bêre. En as haar smokes opraak, dan rol ek sommer vir haar een van myne. Ek rook nou Fox tabak – dis goedkoper, en dit laat my aansienlik sterker as gewoonlik voel. Ek blaf wel soos 'n siek bobbejaan na die eerste paar trekke, maar wat moet mens doen as jy nie soos 'n gewone mens 'n pakkie skywe kan bekostig nie?

Noudat ons op hierdie onderwerp is, ek wonder hoe dit gaan met daai half-rooinek Republican van 'n boyfriend van haar. Hy sou nog 'n draai by my kom maak, maar hy't duidelik tot die insig gekom dat dit nie die briljante idee is wat hy vroëer gedink het dit is nie. Hy't seker besef as hy 'n klomp konserwatiewe nonsens kwytraak, ek dalk per abuis sy kakebeen sal afklap. Dan't ek geen ander keuse as om sommer

daai dag nog die middernagvlug te vat Engeland toe nie! Dan kan ons 'n paar stukkie vleis op die braai gooi in my suster se agterplaas, en bier drink, en slim goed oor en weer slinger in 'n fake aksent.

'n Hoogs ontstellende brokkie nuus het my onlangs bereik oor die einste suster in Londen: Iemand het dit so waar as wragtag gewaag om op haar toon te trap! As ek klaar daai ander kêrel se kakebeen losgewikkel het, sal ek 'n bietjie speurwerk moet doen. Hierdie Fox laat my sterk genoeg voel om enige iemand se gesig te vergruis. Stel jouself dit voor! Ek wonder of my suster vir hom gesê het wie sy is? En as dit hom nie beïndruk het nie, kon sy altyd vir hom gesê het wie ék is! Dit sou hom oombliklik voortvlugtig gemaak het. Hy sou al gillend en skreeuend die straat afgenael het ... maar dan sou hy weer die storie oordryf het, en dan sou Interpol op my spoor gewees het en al sulke goed. So miskien was dit beter dat sy niks gesê het nie.

Anyways, ek moet biblioteek toe gaan. Ek werk tans aan 'n boek oor die geskiedenis van die heelal. En so op die kant werk ek ook aan 'n biografie oor die sonkoningin. Een haakplek is dat die plaaslike biblioteek net kinderboeke aanhou, so ek moet elke nou en dan 'n bietjie improviseer, of bylieg. As ek klaar is met hierdie takies gaan ek begin werk aan 'n boek oor die ware koningin van Londen – wat natuurlik my eie ouer suster is. Sy moet dit om hemelsnaam net nie vir enige iemand loop en vertel nie! Netnou is MI5 of 6 ook op my spoor. Ek is redelik seker ek het reeds nou die dag die CIA hier op die hoek sien staan. Miskien het haar “vriend” hulle ingelig oor my liberale neigings, en dalk ook omdat hy paniekerig begin raak oor die dag wat ek op sy kakebeen klavier gaan speel.

Dit laat my nou dink aan my ander projek, maar hierdie is uiters sensitiewe inligting: Ek beplan om die KGB weer op die been te bring. Ek het gemeen om dit eers van my buitekamer af te run, en dan oor so 'n maand of twee te skuif na 'n kantoor in Sandton. Dalk kan ek sommer ook 'n Oos-Europese hitman werf om daai ou se vingers te gaan herrangskik wat op my

suster se toon getrap het. Maar al hierdie planne is hoogs konfidensieel. Dis nog alles in 'n konseptuele fase.

Noudat ek daaraan dink, wanneer het my suster gesê is haar tee-afspraak met Elisabeth Twee? Sy moet net nie vir die ou tannie vertel dat ons beplan om haar, my suster, die absolute monarg te maak van Londen nie. Sy moet vreeslik nonchalant wees, en as die koningin haar vra daaroor, moet sy net sê sy't lanklaas van my gehoor. Sy kan haar vertel laas toe sy nuus van dié kant af gekry het, was ek glo in 'n training camp in Libië, of so iets. Solank sy haar net verseker dis niks ernstig nie. Ons beplan nie om haar te onttroon of enige iets soortgelyk boosaardig nie. Een ding kan natuurlik die hele storie sleg in die wiele ry: My suster is geneig om haar een mondhoek net so effens op te trek as sy 'n onskuldige onwaarheid kwytraak. Die koningin, en enige ander min of meer intelligente persoon in die vertrek sal onmiddelik onraad vermoed! Dan sluit hulle haar op in die Toring en dan moet ek en my Oos-Europese makers die hele Londen verwoes net om haar te red. Lae profiel is wat ek nog altyd gesê het, lae profiel.

Ek het nou die dag verskyn op Felicia Mabuza-Suttle se kletsprogram as lid van die gehoor. Ek was van plan om op die verhoog te spring en 'n nuwe politieke party van stapel te stuur, maar toe, uit die bloute, haak 'n jong dame by my in, en toe sit ek maar net daar tussen die mense en sweet soos 'n hond vir twee ure onder die skerp ligte. Maar almal van heinde en verre het my blykbaar gesien, en gesê dat ek definitief 'n toekoms het in die openbare lig. Hierdie skielike vertoon van publieke belangstelling in my ruik wel 'n bietjie soos 'n CIA komplot. Hulle hoop seker om my selfvertroue eers op te bou, en dan deur hulle hanslammers in die media so uit te vaar omdat ek te veel gesweet het, dat almal vir my sal lag. In teorie moet ek dan die niet in verdwyn. Ek ken egter die Oos-Europese ou wat die handleiding vir sielkundige oorlogsvoering geskryf het. Ek het hom gebel 'n paar dae na my verskyning, en hy't verduidelik dat hy spesiaal strategiese foute by die ding ingewerk het juis

om belowende karakters soos myself te beskerm teen die Amerikaanse regering.

Dit herinner my, ek moet dringend my suster aansê om te kyk of daai ander ou nie 'n mikroskyfie in haar toon ingetrap het nie. Hulle weet dalk alles wat ons so diskreet op die telefoon bespreek. Ek het juis net gisteraand 'n kakkerlak doodgetrap wat hoogs verdag gelyk het – selfs vir 'n Aucklandpark kakkerlak was sy antenas besonder lank.

O ja, een vrou wat saam met my werk sê nou die dag ewe hoogwaardig dat haar oom by dieselfde firma as my suster in Londen werk. Maar, deel sy my so van 'n hoogte af mee, hy's baie hoog op. Toe ek haar vra wat die ou se naam is, toe sê sy my, maar ek het dit nou vergeet. Sy sê ook sy handskrif is uitsonderlik mooi, en sy kinders trek baie goed aan. Toe vertel ek haar my suster is toevallig ook baie hoog op, en sy skryf ook mooi, en hoewel sy nog nie kinders het nie, sal haar kinders eendag beter aantrek as my kollega se neefs en niggies. Ek was op die punt om haar mee te deel van my suster se naderende koningenskap, maar toe byt ek my tong. Mens weet nie meer aldag wie om te vertrou nie.

Elk geval, die son trek al laag, en ek moet gaan werk aan al my projekte.

Een laaste ding: ek moet bietjie navraag doen oor hoe 'n mens rekenaarteks kan jippo dat dit lyk of dit in Libië getik is. Die laaste ding wat ek op hierdie laat stadium wil hê, is dat enige iemand moet vermoed dat iets boosaardig aan die kook is in my deel van die wêreld.

NOTA:

HIERDIE DOKUMENT BEVAT TEKS UIT
DERTIEN MINUTE OP 'N SATERDAGAAND
DEUR BRAND SMIT.

VIR MEER INLIGTING, BESOEK ASSEBLIEF
BRANDSMIT.NET

JY IS WELKOM OM KOPIEË VAN HIERDIE
DOKUMENT TE VERSPREI SOLANK DIE INHOUD
ONVERANDERD BLY.

© 2015 BAREND J. L. SMIT